Verloftoevalling – eerste vier maande

Vraag: Is ’n werknemer wat diens binne die eerste vier maande verlaat, daarop geregtig om vir die jaarlikse verlof wat in daardie tydperk opgeloop het, betaal te word?

Antwoord: Nee, in die afwesigheid van ’n ooreenkoms of wetgewing tot die teendeel, is ’n werknemer slegs op ’n verlofuitbetaling geregtig as die werknemer vir langer as 4 maande in diens was.

Kort verduideliking:

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV) bepaal dat ’n werknemer geregtig is op 21 kalenderdae se betaalde verlof ten opsigte van elke 12 maande verlofsiklus. Die partye kan ook ooreenkom dat die werknemer geregtig is op een dag/uur se jaarlikse verlof vir elke 17 dae/uur waartydens die werknemer gewerk het, of op betaling geregtig was.

Die eerste indruk wat gelaat word as ’n mens bogenoemde lees, is dat, indien ’n werknemer se diens te eniger tyd beëindig word, die werknemer outomaties daarop geregtig is op uitbetaling van verlof wat vanaf die eerste maand van diens af opgeloop het. Maar die bepalings van Artikel 40 van die WBDV word dikwels buite rekening gelaat. Artikel 40(c) stel dit uit die staanspoor duidelik dat die reg op die uitbetaling van verlof met diensbeëindiging ontstaan indien die werknemer vir langer as 4 maande in diens is. (Op grond van hierdie uitgangspunt spel Artikel 40(d) uit hoe sodanige verlofbetaling bereken moet word.) Dit volg dan dat werknemers nie regtens op enige verlofuitbetaling geregtig is indien hulle diens binne die eerste vier maande beëindig word nie, tensy die dienskontrak, Bedingingsraadooreenkoms of Sektorale Vasstelling anders bepaal.

Artikel geskryf deur Jan Truter van Labourwise

www.labourwise.co.za is ’n aanlyn arbeidsbetrekkingediens wat ten doel het om werkgewers met die inwerkingstelling van doeltreffende arbeidsbetrekkinge van hulp te wees. Hulle kan via die webtuiste of by info@labourwise.co.za gekontak word.